Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA

23 Plantation Road
Hillcrest Park, Hillcrest
P. O. Box 461
Hillcrest, 3650
Kwa Zulu Natal, South Africa
Tel: +27 31 765 2514
Fax: +27 31 765 8029
email: info@cga.co.za
www.cga.co.za

KENNISGEWING AAN ALLE PRODUSENTE
150% BELASTINGVERMINDERING OP NAVORSING EN ONTWIKKELINGSGEDEELTE VAN CGA HEFFING

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het 'n Bindende Reëling (Binding Class Ruling) aangaande seksie 11D van die Inkomstebelastingwet uitgereik wat lede van die CGA toelaat om 'n 150% belastingvermindering op die gedeelte van die heffing wat gebruik word om navorsing en ontwikkeling te befonds, te eis.
Wanneer lede hul belastingopgawes voltooi kan hul hul belasbare inkomste verminder deur 150% van die navorsing en ontwikkelingsgedeelte van hul CGA heffing as 'n belastingvermindering te eis.

Die 150% vermindering kan terugwerkend tot 2 November 2006 geëis word. Ons beveel egter aan dat produsente hul boekhouers of belastingkonsultante raadpleeg oor die korrekte prosedure om te volg om die addisionele aftrekking vir die vorige jare te eis.

Om lede te help met die eis van hierdie aftrekking het ons die volgende verskaf:

- 'n Kopie van die Bindende Reëling (Binding Class Ruling): BCR 6
- 'n Kopie van die uittreksel vanuit die Staatskoerant wat aantoon dat die CGA heffing statutêr is
- 'n Tabel (hieronder) wat die persentasie van die heffing toon wat op navorsing en ontwikkeling elke finansiële jaar sedert 2006 gespandeer is. Lede kan hierdie persentasies gebruik om die addisionele aftrekking te bereken wat hul van SAID kan eis.

BEDRAE OP NAVORSING EN ONTWIKKELING DEUR DIE CGA GESPANDEER			
JAAR	TOTALE HEFFING	N & O GESPANDEER	% VAN HEFFING
2006 / 2007	22,794,771.00	13,483,446.00	59
2007 / 2008	28,606,581.00	16,000,000.00	56
2008 / 2009	29,395,579.00	25,458,173.00	87
2009 / 2010	33,090,377.00	19,870,000.00	60

Die CGA sal elke jaar aan die produsente die persentasie wat op navorsing en ontwikkeling gespandeer is, verskaf sodat hul die addisionele aftrekking op daardie gedeelte van die heffing kan eis.

Indien daar enige verdere inligting rakende bogenoemde verlang word, moet asseblief nie huiwer om vir Robert Miller by die CGA kantore te kontak nie.

Reg. No. 2000/010147/081
Directors: S J Viljoen (Chairman) , D J Nel (vice Chairman), C H Engelbrecht, G Uys, R A Rouillard, P S Noddeboe, G L Hall, J D Nel, J E Danckwerts, S R Dellis, P du Plessis, P Smit, M R Woodburn, G F Piner, C W Maggs, I Nemoarani, J Smit, G van Eeden, K van Zyl